

Een verkeerde Maaltyd

Teks: Hebreërs 12: 14 - 28

Teksvers: Hebreërs 12: 16

1. Inleiding

Ons het die voorreg om weer vanoggend saam te kom rondom 'n voorbereidingsdiens. Maar wat betekening 'n voorbereidingsdiens. Ook in 'n moeilike jaar soos ons beleef het? Wel eerstens is 'n voorbereidingsdiens natuurlik 'n uitnodiging. Dit is 'n uitnodiging na die maaltyd van die heilige sakrament van die Nagmaal. En dit is waar ons fokus vanoggend lê. Wat maak ons met die uitnodiging na die spesiale maaltyd?

Ons teksvers vandag, gebruik die voorbeeld van Esau. En Esau is natuurlik nie 'n goeie voorbeeld nie. Hy doen immers nie wat reg is, in die oë van die Here nie. Maar juis daarom is dit ook belangrik om presies te sien wat Esau doen. Want deel van die voorbereidingsdiens is natuurlik die inleiding tot die selfondersoek en verootmoediging wat nagmaal vooraf gaan.

Hierdie tema is ook juis sentraal in ons teksgedeelte vandag. Want hier aan die einde van die Hebreërs brief word gefokus op 'n lewe wat voortspruit uit die heiligmaking. Maar in vers 16 sien ons dat Esau voorgehou word, wat nie wil deel hê aan die regte maaltyd nie. Trouens ons weet uit Genesis 25 dat

Esau baie moeite doen, om juis aan 'n ander maaltyd deel te hê.

Ons weet dat die fokus hier baie meer figuurlik is, as die letterlike pot rooigoed wat Jakob voorberei het in Genesis 25. Hier word van ander geestelike maaltye gepraat waaraan Esau so graag deelgeneem het, of wou deelneem. Ons gaan vervolgens kyk na hierdie onderskeie maaltye, en wat dit beteken in die geloofswêreld van die moderne gelowige. En dan gaan ons natuurlik laastens ook uitkom by die enigste maaltyd waarin daar vir ons hoop is. Dit is natuurlik die sakrament van die Heilige nagmaal.

2. Die Sedelose maaltyd

Die eerste is natuurlik die sedelose maaltyd, waarna die mens so maklik versoek en verly word. Verlyding is dan juis ook so 'n gepaste term in hierdie opset. Want wanneer ons na die betekenis van die Griekse “ pornos ” is nie vreemd nie. Selfs wanneer dit direk getransliterer word, herken ons dit, selfs vandag nog. Dit het te doen met seksuele immoraliteit. En alhoewel Genesis 26: 34-35 aan ons openbaar dat Esau juis met vrouens uit vreemde volke getrou het, is daar meer aan hierdie openbaring.

Vers 16 het duidelik ook 'n swaar geestelike konneksie. Ons het al baie uitgebrei op die sterk verband tussen

die verbondsverhouding met die Here, en die huwelik. Maar hierin lê ook so iets wat ons vandag beter die oortreding van Esau laat verstaan. In 'n seksueel immorele verhouding tref ons dikwels baie werk aan. Alhoewel daar verleiding en versoeking is, is daar ook gewoonlik baie werk. Want self 'n verkeerde verhouding verg harde werk.

En dit is dan hier waar ons die sedelose maaltyd aantref. Iets waaraan Esau deelgeneem het. Hierdie maaltyd simboliseer die aktiewe navolging van die bose. Daar is 'n ywer en inspanning om hierdie maaltyd te vier. Ons sien so iets hiervan wanneer Esau moeite doen om deel te hê aan die maaltyd wat Jakob voorberei het.

Esau gaan amper blindelings in 'n onderhandeling in. En dan doen hy presies waarteen ons teksvers ons versku. Hy verruil dit wat ewigheidswaarde het, vir tydelik verligting en genot. En wanneer Esau eers hierdie grens oorgesteek het, is daar nie omdraai kant nie. Ons sien in vers 17, dat Esau nie kan teruggaan nie, maak nie saak hoe begerig hy is nie. Op hierdie stadium het ons as kerk nog die voorreg om amper al die lidmate uit te nooi na die Nagmaalsviering. Maar dit lyk al hoe meer of daar 'n tyd in Suid-Afrika kom waar hierdie uitnodigings nie meer sal kan geskied nie, bloot omdat plaaslike plattelandse gemeentes nie meer gaan bestaan nie.

3. Die wêreldse maaltyd

Die tweede tipe maaltyd waaraan Esau graag deelgeneem het, word vir ons beskryf in die woord goddeloos, of onheilig. En hierdie woord het 'n sterk Ou Testamentiese verbintenis. Dit is ook duidelik in ons teksgedeelte. Vers 18 tot 21 verwys terug na die volk se belewenis van die Heiligheid van die Here, in die Ou Testament. Maar dan veral ook die onwelkomheid van die onheilige voor die Here.

Tog is hierdie saak van onheilig of goddeloos meer aktueel en alledaags as wat ons dink. Want hierdie woord kan ook gemaklik vertaal word met wêrelds. En as dit met oortuiging vandag in verband gebring moet word, dan kan ons praat van Ateïsme. Mense wat vinnig sal probeer verdedig dat hulle nie aktief die bose najaag nie, maar bloot geen geloof oortuiging wil aanhang of uitleef nie. Iets wat ons weet in opsig self in elk geval onmoontlik is.

Een ding staan egter duidelik uit by 'n Ateïstiese oortuiging. Dit is die lae of eintlik geen waarde van geloof, veral die Christelike geloof. Met Esau is dit presies dieselfde. Sy woorde ““Ek gaan tog sterf. Wat baat dit my om die eersgeborene te wees?” in Genesis 25:32 bevestig dit. En daarom verruil Esau dan gemaklik die plek aan die Here se tafel vir 'n blote eenmalige bord kos.

Vandag sien ons steeds dieselfde gebeur. Selfs gelowige broers en susters, tree soms op 'n Ateïstiese manier op. Die plek aan die tafel van die Here, word maklik verruil vir enige iets anders. Dikwels iets onbenullig met 'n tydelike waarde. Die wêreld se eenmalige maaltye adverteer 'n skynbare passiewe geloofslewe. Iets wat vir die moderne mens baie aantreklik lyk. Maar ons weet dat hierdie skynbare neutraliteit maar eintlik net plek maak vir die bose, wat uiteindelik sal oorneem.

Wat dit is nog altyd die bose wat skeiding tussen ons en die Here bring. Maar hou goeie moed.

4. Die Middelaar se maaltyd

Maar hoe lyk die maaltyd waaraan Esau eintlik mos aansit. Die kontras tussen vers 18 - 21 en 22 - 23 is baie duidelik in ons teksgedeelte. Vers 18 - 21 verwys na die Ou Testament waar die volk nie naby die Here kon kom nie. Die toorn van die Here sou hulle eenvoudig in hulle onheiligheid verteer. Maar dan open vers 22 - 23 duidelik 'n ander benadering. 'n Benadering waarin die gewone sterflike mens welkom is, in die teenwoordigheid van die Here.

Die enigste manier waarop hierdie omwenteling moontlik is, tref ons in vers 24 aan. Jesus, die ware Middelaar maak dit moontlik. Hy bring die volmaakte offer. Want sy bloed is

uiteindelik soveel meer werd as die offer van Abel. Sy bloed is die bloed van die sondelose lam, wat genoegdoening is vir al ons sondes.

Dit is ten diepste wat ons bedoel met die maaltyd van die Middelaar. By die instelling van die heilige sakrament van die nagmaal, belof Christus dit. Ons sien dit wanneer Hy sê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis." en "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."

Soos ons reeds gesê het, is 'n voorbereidingsdiens by uitstek weer 'n geleentheid waar ons uitgenooi word om die maaltyd van die Heilige Sakrament van die nagmaal te kom bywoon. Die nagmaal wat 'n herdenking is van die eenmalige offer wat Christus gebring het, vir ons verlossing. Wat die verterende vuur van die Hemelse Vader vir ons weggeneem het.

En dit is dan nou by uitstek die boodskap van hierdie laaste paar verse in die Hebreërs brief. Moenie lewe asof die Here en geloof nie bestaan nie. Vers 25 som dit mooi op en is die moeite werd om gereeld oordink te word in hierdie week van voorbereiding tot die nagmaal: "25 Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel

minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie?”

5. Slot

Ons kan die preek afsluit deur soos volg op te som. Voorbereidingsdiens is ’n uitnodiging na die Sakrament van die Heilige Nagmaal van die Here. Natuurlik met die bygaande vooraf ondersoek, en week van verootmoediging wat ons ook nou weer binnegaan. Maar waar dit op die oog af lyk of hier net een uitnodiging ter sprake is, is daar eintlik altyd twee uitnodigings. Daar is die uitnodiging na die Tafel van die Here. Maar ook die uitnodiging na die “kitskos” van die wêreld. Eenmalige deelname hieraan het ramspoedige gevolge, soos ons in die geval van Esau sien.

Daarteenoor is ons Nagmaalviering juis ’n herdenking van die volmaakte offer, wat die volmaakte hoë priester eenmalig gebring het. Ons Here Jesus Christus is eenmalig geoffer vir ons sonde en oortredings. En ons ontvang deur genade die ewige Verlossing van ons sondes op grond hiervan.

Hoekom dan Nagmaal gereeld vier soos die opdrag van die Here in die Woord? Want uiteindelik is die nie ons wat die keuse maak tussen die tafel van die Here, en die tafel van die wêreld nie. Dit is die Heilige Gees wat die geloof in ons werk. Want ons nader trek na die tafel van die Here. Natuurlik is die tafel van die wêreld nie Oggend Preek

gelukkig hiermee nie. En juis daarom is daar gereeld nog en nuwe uitnodigings na die tafel van die wêreld. En hierdie vinnige kits verlossing, lyk soos vir ’n honger Esau baie aanloklik. En daarom moet ons gereeld aansit by die tafel van die Here. Sodat ons ook weer versterk gevoed, deur die offer en verlossing van die Here, kan opstaan. Sodat ons weer uit hierdie krag die versoekings van die bose kan weerstaan, en ’n lewe tot eer en verheerliking van God alleen kan leef.

Amen